| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2025 |
| **VAK** | REKENINGKUNDE |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 12<br>(INSLUITEND 'N FORMULEBLAD EN 'N 11 BLADSYE ANTWOORDBOEK) |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig deur en volg dit presies.

1. Beantwoord **ALLE** vrae.

2. ’n Spesiale **ANTWOORDBOEK** word voorsien waarin **ALLE** vrae beantwoord moet word.

3. **ALLE** berekeninge moet getoon word om deelpunte te verdien.

4. Jy mag ‘n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Jy mag ’n donker grys potlood of blou pen gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Waar van toepassing, toon **ALLE** berekeninge tot **EEN** desimale punt.

7. Sou jy verkies om dit te doen, kan jy die Finansiële Aanwysersformuleblad wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is **NIE** verpligtend **NIE**.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ’n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om **NIE** daarvan af te wyk **NIE**.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Staat van Omvattende Inkomste en notas tot die Finansiële State | 55 | 45 |
| **2** | Kontantvloeistaat, notas en finansiële aanwysers | 45 | 35 |
| **3** | Finansiële aanwysers en interpretasie | 30 | 25 |
| **4** | Ouditverslag en Korporatiewe Bestuur | 20 | 15 |
| **TOTAAL:** | | **[150]** | **[120]** |

## VRAAG 1: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE EN NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE (55 punte; 45 minute)

1.1 Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Alhavi BPK. vir die finansiële jaar geëindig 30 September 2024. Die maatskappy prys sy goedere teen 'n winsopslag van 80% op kosprys.

**GEVRA:**

1.1.1 Voltooi die Behoue Inkomste Nota vir die jaar geëindig 30 September 2024. (6)

1.1.2 Verwys na inligting D. Bereken die voorraad voorhande op 30 September 2024 en handelsvoorraadtekort/surplus. (9)

Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 September 2024. (40)

**INLIGTING:**

**Uittreksels uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 30 September 2024:**

| | **R** |
|---|---:|
| **Balansstaatrekeninge** | |
| Behoue inkomste | 128 750 |
| Verbandlening: Uys Bank | 566 440 |
| Bank (DT) | 819 400 |
| Debiteurekontrole | 137 300 |
| Handelsvoorraad | 389 900 |
| Voorsiening vir oninbare skulde | 6 344 |
| | |
| **Nominale Rekeninge** | |
| Verkope (min debiteure-afslag) | 8 060 660 |
| Koste van verkope | **?** |
| Direkteursfooie | 637 490 |
| Salarisse en lone | 621 418 |
| Diverse uitgawes | 219 990 |
| Waardevermindering | 211 242 |
| Ouditfooie | 39 100 |
| Herstelwerk | 170 000 |
| Huurinkomste | 173 230 |
| Rente inkomste | **?** |
| Verpakkingsmateriaal | 23 120 |
| Advertensies | 34 998 |
| Gewone aandele dividende | 340 000 |

**Aansuiwerings en bykomende inligting:**

a) Neem kennis dat handelskorting van R948 430 aan spesiale klante toegestaan is.

b) Suiwer die voorsiening vir oninbare skulde tot 4% van agterstallige debiteure aan.

c) Fisiese voorraadopname op 30 September 2024 het die volgende aan die lig gebring:

- Verpakkingsmateriaal, R16 830 is *gebruik*.

d) Alhavi BPK. verkoop yskaste. Hulle gebruik die eerste-in-eerste-uit-metode. Die volgende inligiting oor die handelsvoorraad is verkry:

**Voorraadsaldo's volgens 'n fisiese voorraadopname:**

| | EENHEDE | KOSPRYS PER EENHEID (R) | TOTAAL (R) |
|---|---|---|---|
| 1 Oktober 2023 | 12 | | |
| 30 September 2024 | ? | | ? |

**Aankope:**

| DATUM | EENHEDE AANGEKOOP | KOSPRYS PER EENHEID (R) | TOTAAL (R) |
|---|---|---|---|
| 20 Oktober 2023 | 100 | 17 200 | 1 720 000 |
| 20 Januarie 2024 | 131 | 11 675 | 1 529 425 |
| 31 Julie 2024 | 20 | 18 000 | 360 000 |

**Terugsendings:** 3 defektiewe yskaste van die aankope in Januarie 2024 is aan verskaffers teruggestuur vir 'n volle terugbetaling.

**Verkope:** 238 yskaste is verkoop.

e) Eksterne ouditeure word 'n verdere R12 325 geskuld.

f) Op 1 Augustus 2024 is sommige toerusting gesteel. Waardevermindering op toerusting is verkeerd in die boeke bereken. Die boekhouer het die volgende Vaste Bate-register aan jou verskaf:

| | | |
|---|---|---|
| **Bate:** | HP Kleur Laserjet drukker | |
| **Datum van aankope:** | 1 Oktober 2022 | |
| **Kosprys:** | R71 400 | |
| **Waardevermindering metode:** | 20% p.j. op die verminderde saldo metode | |
| **Versekering uitbetaling ontvang** | R30 600 | |
| | | |
| **Datum** | **Waardevermindering** | **Drawaarde** |
| 30 September 2023 | 14 280 | 57 120 |
| 31 Julie 2024 | 10 710 | 46 410 |

Geen inskrywing ten opsigte van die gesteelde toerusting is in die boeke gemaak nie.

g) Gedurende Julie 2024 het die huurder R10 200 betaal vir herstelwerk aan die perseel. Hy het dit van sy huur vir Augustus 2024 afgetrek, aangesien herstelwerk die verantwoordelikheid van die maatskappy is. Geen inskrywings is gemaak nie. Die huur vir Oktober 2024 is gedurende September 2024 ontvang en gedeponeer.

h) Die maatskappy het vier direkteure wat dieselfde direkteursfooi verdien. Een van die direkteure het sy direkteursfooi vir Oktober 2024 ontvang.

i) Advertensies bestaan uit ’n maandelikse kontrak met die plaaslike radiostasie vir die hele finansiële jaar. Advertensies is slegs vir 11 maande betaal. Vanaf 1 Julie 2024 het die kontrakpremie met R266 per maand verminder.

j) ’n Finale dividend van 45c is op 25 September 2024 verklaar. Op hierdie datum was die aantal uitgereikte aandele 800 000.

k) Inkomstebelasting is 27% van die netto wins.

**[55]**

## VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS

**(45 punte; 35 minute)**

2.1 Kies ’n term om elkeen van die volgende stellings te voltooi. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| Nie-uitvoerende direkteur(e), Aandeelhouer(s), Eksterne ouditeur(e), Uitvoerende direkteur(e), Interne ouditeur(e) |

2.1.1 __________ word deur die aandeelhouers aangestel om die maatskappy te bestuur as deel van die daaglikse aktiwiteite.

2.1.2 __________ word deur aandeelhouers aangestel om ’n onbevooroordeelde mening oor die finansiële state te gee.

2.1.3 ’n __________ is ’n persoon wat in ’n maatskappy belê deur aandele te koop om ’n persentasie van die maatskappy te verkry.

2.1.4 Die __________ is in diens van die maatskappy om funksionele prosesse op te rig en risiko’s te vermy.

(4 x 1) = (4)

2.2 **OCTONAUTS BPK.**

Die gegewe inligting hou verband met OCTONAUTS BPK. vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2025.

**GEVRA:**

2.2.1 Stel die gewone aandelekapitaalnota op vir die Staat van Finansiële Posisie op 30 April 2025. (7)

2.2.2 Voltooi die Kontantvloeistaat deur slegs die besonderhede en syfers wat deur ’n ster (*) aangedui word, te voltooi. (20)

2.2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 30 April 2025.

a) Skuld-ekwiteitverhouding. (4)

b) Persentasie bedryfswins op verkope. (3)

c) Dividend per aandeel (DPA) van ’n aandeelhouer wat dieselfde aantal aandele vir die hele finansiële tydperk besit het. (5)

2.2.4 Dink jy die besigheid het sy kontantvloei verantwoordelik bestuur? Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. (2)

**INLIGTING:**

**A) Inligting uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2025:**

| | |
|---|---|
| Verkope | 7 354 200 |
| Bedryfsuitgawes | 1 496 000 |
| Waardevermindering | 272 000 |
| Rente-uitgawe | 73 185 |
| Bedryfswins | 592 450 |
| Inkomstebelasting | 159 605 |
| Netto wins na belasting | 372 411 |

**B) Inligting uit die Staat van Finansiële Posisie op 30 April:**

| | **2025 (R)** | **2024 (R)** |
|---|---|---|
| Vaste bates teen drawaarde | 5 250 450 | 4 228 750 |
| Vaste deposito's | 187 000 | 255 000 |
| Bedryfsbates | 526 660 | 563 805 |
| Kontant en kontantekwivalente | 19 890 | 2 125 |
| Aandeelhouersekwiteit | **?** | **?** |
| Gewone aandelekapitaal | 4 498 200 | **?** |
| Behoue inkomste | 227 801 | 125 265 |
| Lening: Shellington Bank | 837 250 | 382 500 |
| Bedryfslaste | 416 500 | 522 155 |
| Oortrokke bank | | 55 335 |
| Aandeelhouers vir dividende | 142 800 | 102 000 |
| SAID: Inkomstebelasting | 10 030 | 2 040 |

**C) Aandelekapitaal en dividende**

- Die gemagtigde aandelekapitaal bestaan uit 1 020 000 gewone aandele.
- 765 000 gewone aandele was op 1 Mei 2024 uitgereik.
- Die maatskappy het op 1 Januarie 2025, 127 500 gewone aandele teen R5,00 per aandeel uitgereik.
- 59 500 gewone aandele is op 30 April 2025 van aandeelhouers teruggekoop. ’n Elektroniese betaling is gedoen van R371 875 vir hierdie aandele. Hierdie aandeelhouers kwalifiseer vir finale dividende.
- ’n Tussentydse dividend van 10c per aandeel is op 30 November 2024 betaal.
- ’n Finale dividend is op 30 April 2025 verklaar.

**D) Vaste bates**

- Ou toerusting is vir kontant teen die drawaarde van R275 400 verkoop.
- Bykomende toerusting en afleweringsvoertuie is aangekoop.

**[45]**

**VRAAG 3: FINANSIËLE AANWYSERS EN INTERPRETASIE (30 punte; 25 minute)**

3.1 **MOTOWN BPK. en AMELIA BEDELIA BPK.**

**Verwys na Inligting A tot B.**

Ella Bella besit aandele en is ’n direkteur van albei hierdie maatskappye.

Sy het onlangs nog R587 993,50 in elke maatskappy belê deur aandele op die JSE teen markwaarde soos volg te koop:

- AMELIA BEDELIA BPK. – R5,60
- MOTOWN BPK. – R11,75

**GEVRA:**

**LET WEL:** Verskaf syfers, finansiële aanwysers of berekeninge in ELKE geval om jou kommentaar en verduidelikings te staaf.

3.1.1 **Aankoop van aandele**

a) Verduidelik hoekom direkteure in die prys van hulle maatskappye se aandele op die JSE moet belangstel. (1)

b) Bereken die aantal bykomende aandele in **MOTOWN BPK.** wat Ella kon koop op die JSE in 2024. (2)

c) Lewer kommentaar op die prys wat Ella vir hierdie aandele betaal het en gee TWEE redes waarom sy moontlik tevrede was om hierdie prys te betaal. (6)

3.1.2 **Dividende en verdienste**

a) Volgens die dividenduitbetalingskoers, verduidelik watter maatskappy is meer waarskynlik om uit te brei volgens jou mening. (6)

b) Vergelyk en lewer kommentaar op die persentasie opbrengs op ekwiteit verdien deur **ELKE** maatskappy. (4)

c) Ella voel dat die verdienste per aandeel van **AMELIA BEDELIA BPK.** baie beter is as dié van **MOTOWN BPK.** Verduidelik hoekom sy so voel. (5)

3.1.3 Ella Bella voel dat **AMELIA BEDELIA BPK.** die lening so gou moontlik moet terugbetaal. Verduidelik wat jy vir haar sal sê. Gee TWEE finansiële aanwysers (met syfers) om jou mening te staaf. (6)

**INLIGTING**

**A) Aandeelhouding van Ella Bella in die twee maatskappye**

| | **AMELIA BEDELIA BPK.** | **MOTOWN BPK.** |
|---|---|---|
| Aantal aandele gekoop in 2023 | 2 002 000 aandele | 812 000 aandele |
| Totale aandele uitgereik deur elke maatskappy | 3 640 000 aandele | 1 736 000 aandele |
| Bykomende aandele gekoop deur Ella | 105 000 aandele | ? |
| Ella se % aandeelhouding voor die aankoop van bykomende aandele | 55,0% | 46,8% |

**B) Finansiële aanwysers en bykomende inligting op 28 Februarie 2025**

| | **AMELIA BEDELIA BPK.** | **MOTOWN BPK.** |
|---|---|---|
| Verdienste per aandeel | 116 sent | 136 sent |
| Dividende per aandeel | 112 sent | 91 sent |
| Skuld-ekwiteit verhouding | 0,7 : 1 | 0,1 : 1 |
| % opbrengs op gemiddelde ekwiteit | 18,2% | 6,2% |
| % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend | 15,1% | 9,4% |
| Netto batewaarde per aandeel | 445 sent | 750 sent |
| Rentekoers op lenings | 12% | 12% |
| Rente op beleggings | 6,5% | 6,5% |

**[30]**

© SACAI KOPIEREG

**VRAAG 4: OUDITVERSLAG EN KORPORATIEWE BESTUUR (20 punte; 15 minute)**

4.1 **OUDITVERSLAG**

Jy word voorsien van 'n uittreksel uit die Ouditverslag van INBESTIGATORS BPK.

**GEVRA:**

4.1.1 Aan wie is die ouditverslag gerig en hoekom? (2)

4.1.2 Wie moet verseker dat die finansiële state opgestel en by die algemene jaarvergadering aangebied word? (1)

4.1.3 Watter soort ouditverslag is gegee? Bewys jou antwoord deur uit die ouditverslag aan te haal. (3)

4.1.4 Verduidelik waarom die onafhanklike ouditeure na bladsye 10 – 30 in die verslag verwys het. (2)

4.1.5 Waarvoor staan die afkorting IFVS (IFRS)? (1)

**INLIGTING:**

Ons het die finansiële state nagegaan, soos uiteengesit op bladsye 10 – 30.

Na ons mening is die jaarlikse finansiële state 'n redelike weergawe, in alle wesenlike aspekte, van die finansiële posisie van die maatskappy op 30 Junie 2024 en die kontantvloei vir die jaar geëindig, in ooreenstemming met IFVS (IFRS) en soos vereis deur die Maatskappywet van Suid-Afrika.

*IAN EN ALFRED PEETS*
*GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS*
*GEREGISTREERDE REKENMEESTERS EN OUDITEURE*
*DURBANVILLE WEG, BELLVILLE*

4.2 **KORPORATIEWE BESTUUR**

Die volgende inligting is uit ’n plaaslike publikasie aangehaal. Dit hou verband met ’n maatskappy wat op die JSE genoteer is.

*Die JSE het die maksimum boete opgelê aan voormalige HUB (Hoof Uitvoerende Beampte) van BEAR GRILLS BPK., asook om hom te verbied om vir tien jaar as direkteur op die direksie van enige JSE genoteerde maatskappy te dien. Die JSE het verklaar dat hulle die bogenoemde boete om die volgende redes opgelê het:*

- *Die vrystelling van finansiële state wat nie aan noteringsvereistes voldoen het nie.*
- *Die finansiële state het verkeerde, vals en misleidende inligting bevat.*
- *Fiktiewe brondokumente wat inkomste valslik met miljoene rande opgeblaas het, is ook ontdek.*

**GEVRA:**

4.2.1 Verskaf TWEE moontlike redes waarom die HUB beboet is, en nie die maatskappy nie. (4)

4.2.2 Verskaf TWEE redes waarom die JSE hierdie aksie geneem het. (4)

4.2.3 Identifiseer EEN ander party (belanghebbende) wat ook verantwoordelik kan wees daarvoor dat hierdie situasie toegelaat is. Verskaf ’n rede. (3)

**[20]**

## GROOTTOTAAL: [150]

## GRAAD 12 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSER FORMULEBLAD

| | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedrysbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedrysbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Nie- bedryfslaste **:** Aandeelhouersekwiteit |
| (Handels- en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwiteit}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwiteit + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersekwiteit}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Interim dividende}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividend per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto wins na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopsprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**NOTA:**

* In hierdie geval, as daar ’n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende ’n finansiële jaar is, word die geweegde gemiddelde aantal aandele in die praktyk gebruik.

© SACAI KOPIEREG

Einde van dokument